

**SKRIF- EN FOKUSGEDEELTE: ROMEINE 5:12-21 (NAV/DIREKTE VERTALING)**

**Adam – 'n voorbeeld wat heenwys**

Adam ... die eerste skepsel na God se beeld geskape. Die eerste wat die opdrag ontvang het om oor sy eie wil te heers deur gehoorsaam te wees aan die wil van God en nie van die vrug van die boom van die kennis van goed en kwaad (Gen. 2:17, OAV) in die middel van die tuin van Eden te eet nie. Die eerste deur wie die sonde gekom het. (Eva word nie daarvoor verantwoordelik gehou nie – Adam moes haar keer, maar hy het nie!)

Deur een daad van sonde het die hele mensdom in sonde geval. Ja, een enkele oortreding van 'n enkele gebod teen God het tot die veroordeling van alle mense gelei. Dit is soos wat dit elders in die Skrif staan: “Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie; daar is niemand verstandig nie, daar is niemand wat God soek nie. Almal het afgedwaal, saam het hulle waardeloos geword. Daar is niemand wat goed doen nie, selfs nie een nie” (Rom, 3:10-12 - Direkte Vertaling). Dít alles was die gevolge/reikwydte van Adam se ongehoorsaamheid ...

Soos die optrede van één tot die ewige dood van die mensdom gelei het, so het Één weer tot die redding van die mens verskyn, Jesus Christus. So word Adam genoem “'n voorbeeld wat heenwys na Hom wat sou kom” (Rom. 5:14 - Direkte Vertaling).

Hy wat gekom het, het God se genade in 'n sondige wêreld kom vestig deur Homself in liefde te gee, sodat elkeen wat in Jesus glo, van die ewige dood vrygespreek word en die ewige lewe as gawe ontvang. Genade deur Één is so oneindig groter as verlorenheid deur één!

Hierdie genade is nie goedkoop nie. Dit het gekom deur volkome gehoorsaamheid van die Één tot aan die kruis. Dink vandag en elke dag daaraan hoe groot God se genade werklik is wanneer jy jouself spieël aan die wet van God (Rom. 5:20, 21).

Leef vanuit hierdie genade en hou daaraan vas dat hierdie genade oneindig groter is as menslike verlorenheid ...

*Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2*

*Dr. SP (Fanie) van der Schyff Pretoria-Brooklyn*